Tou En Lap Mat.

Mat:
Jy het nodig:
Katoenstof
tou
lint en dik breidraad: breipenne van 10 mm
bypassende hekelpen

Maak so: Knip die lap in stroke van 2 cm breed. Las (met 'n gewone knoop) die stroke afwisselend met die tou en breidraad om 'n aaneenlopende sting te kry. Draai dit in 'n bol en las verder aan soos nodig tot jy genoeg het om die matjie te voltooi.

Om to brei: Heg aan 50 steke en brei in koussteek (een ry regs en een ry aweregs) vir sowat 90 cm of verlangde lengte. Heg af.

Afwerking: Lê die werk plat neer en stoom liggies in fatsoen. Die meeste van die knope is aan die agterkant of "growwe" kant van die mat, maar enige kant kan as regte kant gebruik word. Vir fraiings, knip stroke lap en breidraad van 15 cm. Vou elke strook dubbel en haak die hekelpen om hierdie vourand en deur die rand van die breiwerk van agter na voor. Trek die twee los punte van elke fraiing deur die lus en trek styf. Knip fraaing rand netjies indien nodig.

http://phantocomp.weebly.com